

# KOERSVAS

Uitgawe 6 Jaargang 1 11 Januarie 2013



In hierdie uitgawe

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Geloofsbond -Besluityd

## Redaksioneel

Tydsberekening is alles! Om op die regte tyd en die regte plek die regte ding te sê of doen, kan as meesterlik beskryf word. Kom ons wees eerlik met mekaar: selfs 'n analoog horlosie is twee maal per dag reg. Ons praat hier egter nie van net iets reg doen nie, en dit per toeval nie, maar iets reg doen met die intensie om dit wel reg te doen. Tyd sal leer of iets op die regte tyd gedoen is. Die boer wat te vroeg of te laat plant, loop die risiko om alles te verloor. Spyt kom dikwels te laat, en selfverwyf volg dikwels op 'n gebrek aan waagmoed. Tydsberekening moet reg wees. Dit was nogal opvallend tydens die nuusberig op 31 Desember 2012. Daar is beeldmateriaal gewys van die Nuwejaarsvieringe van lande waar 2013 reeds aangebreek het. Plaaslik moes ons nog 5 ure wag voor ons 2013 betree. Toe kon ons eers vuurwerke verwag.

Aan die begin van 'n nuwe jaar, dink ons alom dat ons baie tyd het. Na die geskarrel van November/Desember voel dit vir ons asof ons 'n hele jaar het om uitvoering te gee aan ons beplanning. Ons stel sake uit en wag om te waag..... Ons wag vir die 70e AKV, ons wag vir ander mense om oor ons wel en weë te besluit. Die

Verbondsluiting van 26 Januarie is om die draai. Net tyd sal aandui of ons wel goeie tydsberekening het. Vir sommiges wat in ongeduld voort wil gaan, is die vergadering te laat, vir ander wat wil voete sleep, is dit te gou. Ons tree egter op in die oortuiging dat die tyd nou reg is. Hierdie tyd-drama speel hom ook af in baie gemeentes. Daar is huiwering en onsekerheid oor die toekoms. Die toekoms is onseker, maak nie saak wie en wat jy is nie. Nou is die regte tyd om volgens jou oortuigings op te tree. Gemeentes se venster van tyd om eiendomme te beveilig en om selfs onafhanklik te word, loop uit. Om te wag om te waag, is om geen tydsberekening te hê nie, en dit maak van jou 'n slagoffer op sy ergste, 'n marionet op sy beste. Spreuke herinner ons daaraan dat daar 'n tyd vir elke optrede is, maar ook dat elke tyd tot 'n einde kom. Nou is die tyd om positief op te tree.

## Nuusbrokkies

- Vroeg in Desember het die gemeente Vivo-Dendron ook besluit om hulself tot Onafhanklike gemeente te verklaar. Dit bring die getal gemeentes wat onafhanklik is, reeds op 12 te staan. Hulle is: Theresapark, Grootvlei, Tuine,

Bloemhof, Meyerspark,  
Premiermyn, Stilfontein, Vivo-  
Dendron, Pietersburg, Schweizer  
Reneke, Vaalwater, Koster.

- Ds Johann Mouton het besluit om sy onregmatige ontheffing uit die amp by die CCMA te betwis. Die eerste verhoor was 7 Januarie 2013. Tydens hierdie verhoor het die voorsittende beampte die NHKA aangemoedig om die jurisdiksie van die CCMA te aanvaar en om te skik. Die onverbiddelike houding van die KommAKV het opgeval. Hulle weier om te skik. Ds Mouton wou nie eens finansiële kompensasie hê nie. Hy wou net dat hy in die amp herstel word en dat hulle hom om verskoning vra. Is dit werklik hoe 'n kerk en die kerk se leiding moet optree. Getuig dit van Christelike liefde of self-liefde?
- Renette du Plessis se klag rondom onjuiste beriggewing is deur die persombudsman gehandhaaf en die Beeld gaan 'n regstelling moet publiseer. Haar klag spruit uit die berig in Beeld (op 31 Julie 2012) waar Neels Jackson berig het dat die KommAKV hof toe sou gaan oor die eiendomme. Dit terwyl die KommAKV eers 3 Augustus 2012 sou vergader en besluit oor optrede. Dit laat onwillekeurig die vraag ontstaan na die rol wat sekere persone speel. Het die KommAKV net die rubberstempel geword van 'n klein groepie wat 'n verskuilde agenda het en eie belang bevorder? Wie almal is deel van hierdie stert wat die hond swaai?
- Die steedsHervormers komitee het 9 Januarie vergader om aandag te gee aan die beplanning vir die Verbondsluiting van 26 Januarie. Hulle het hard gewerk en goed gevorder en hulle glo dat alles in plek sal wees vir 26 Januarie se groot vergadering. Al het dit soms

stadig gegaan, is daar steeds met konsensus besluite geneem.

- Die uitnodiging en die sakelys word saam met Koersvas versend. 'n Paar sake wat net beklemtoon kan word, is die volgende:
- Lidmate van gemeentes wat onafhanklik is, kom soos per uitnodiging met stemreg na die vergadering toe. Ander lidmate is baie welkom om die vergadering by te woon, maar net met spreekreg. Gemeentes anders as die onafhanklikes kan lidmate afvaardig soos aangedui. Uit die sakelys sal u agterkom dat ons in werkgroepe gaan verdeel om aan sekere sake indringend aandag te skenk en alle insette is welkom. Lidmate is ook welkom om as individue die byeenkoms te kom bywoon, dit bly 'n steedsHervormer byeenkoms. Ons versoek dat elke gemeente die volgende persone sal stuur:
  - Twee ouderlinge,
  - 'n Diaken,
  - die Finkom afgevaardigde,
  - Kategesehoof,
  - Dame namens die susters,
  - Administratiewe beampte en
  - natuurlik die predikant en emeriti.Indien daar regsgeleerdes in u gemeente is, sal ons baie bly wees indien 'n paar van hulle ook teenwoordig kan wees om ons Kerkorde te timmer sodat dit meer in lyn met landswette is.

### **Geloofsbond -Besluittyd**

Soos u kan sien uit die sakelys, die eerste tree is om die onderlinge verbondenheid te formaliseer. Ons bede is dat ons beplanning en optrede tot eer van die Here mag wees, in gehoorsaamheid aan Sy roeping. Groetnis.